



# ARTKAT Studio

Johanna Prinsloo

Maart / April 2008

Uitgawe 2 van 2008



Goeiedag alle studente, vriende en Belangstellendes,

Kort op die hakke van ons vorige nuusbrief kom hierdie vroeë herfs briefie. Daar is reeds soveel nuus met die nuwe projekte vir die jaar wat alreeds in volle swang is. Soos so dikwels is ek verstom om te sien hoeveel talent ontgin kan word.

Gedurende die maand het ek en die Johannesburg groep met Celia De Villiers, 'n dosent by Unisa twee uitstekende uitstallings bygewoon van twee internasionale kunstenaars. Marlene Dumas, die Suid Afrikaanse gebore Nederlandse kunstenaar wat vanaf 1974 in Nederland woon het vir die eerste keer in Suid Afrika uitgestal by die Standard bank galery. Fiona Faber ons eie Suid Afrikaanse kunstenaar se werke is te sien by die Johannesburgse Kunsmuseum. Dit is die moeite werd om te gaan kyk na die twee uitnemende uitstallings wat beslis jou weer met 'n ander oog na die visuele kunste laat kyk.

Met 'n hartseer neem ek voorlopig afskeid van die Johannesburg groep. Die petrol pryse regverdig dit net nie meer om elke week deur te ry Johannesburg toe nie. Dit was 'n wonderlike jaar saam met julle en ek wens die beste vir julle toe met al julle projekte vir die toekoms. As die studente tal dit regverdig sien ek julle weer in die toekoms.

As voorblad hierdie maand het ek 'n projek waaraan ek self gewerk het gebruik. Dit is 'n voorblad wat ek ontwerp het vir 'n nuwe boek wat Jeanette Basson geskryf het oor Meditasie en Gebed. Jeanette is deel van die meditasie groep waaraan ek behoort. As skryfster gaan Jeanette volgende maand as Kunstenaar van die maand "feature" en dan gaan ons veel meer van haar hoor. Die duif is vir Jeanette 'n simbool van stilte en so wou sy dan hê dat ek dit as tema moet gebruik. Waterverf is vir my 'n baie intieme medium en was dan ook die geskikte medium vir die opdrag. Baie dankie vir

## Colour of the Month : Blue

### Blue

Blue is the colour of the sky and sea. It is often associated with depth and stability. It symbolizes trust, loyalty, wisdom, confidence, intelligence, faith, truth, and heaven.

Blue is considered beneficial to the mind and body. It slows human metabolism and produces a calming effect. Blue is strongly associated with tranquillity and calmness. In heraldry, blue is used to symbolize piety and sincerity.

## Maart / April 2008 Program

Maandag	14h00 – 15h30	Kinderklas
Maandag	15h45 – 17h15	Kinderklas
Dinsdag	09h30-12h30.	Jhb Klas
Woensdag	08h30-10h30	Jaarkursus
Woensdag	10h45-12h45	Eie projek klas
Woensdag	15h00 – 16h30	Kinderklas
Woensdag	18h30 – 20h30	Jaarkursus
Donderdag	08h30-10h30	Gevorderd
Donderdag	10h45-12h45	Eie projek

die voorreg wat ek gehad het om dit mee te maak Jeanette.

Ons kleur van die maand word dan ook bepaal deur die skildery van die voorblad. Volgens Jean Heifetz het alle kinders blou gedra vir eeue lank in Europa omdat dit die kleur van die maagd Maria was. Pienk het eers aan die begin van die eeu erkenning gekry as die kleur vir meisies. Daarom is blou ook dan simbolies van jeugdigheid, geestelikheid, waarheid, rustigheid en vrede. In verskeie kulture is dit ook 'n kleur wat godsdienstige erkenning kry om negatiewe energie teen te staan.

So op hierdie geestelike noot wil ek vir almal 'n baie geseënde Paastyd toewens. My gebed is dat almal met die afsterwe van die oue 'n nuwe geboorte sal meemaak.

Groete vir eers,  
Johanna Prinsloo.  
(johanna@artkat.co.za)  
Tel: 082 838 0750  
www.artkat.co.za




If there is anyone that wishes to receive the newsletter electronically, please send an e-mail to me at johanna@artkat.co.za so that I can place your name on my distribution list.



Baie welkom alle nuwe Artkat studente. Dit is altyd lekker om nuwe ander talent te leer ken en voor te stel. In die lig Paastyd wil ek een van die nuwe studente Amanda Marx se potlood skets wat sy op haar eie gemaak het met 'n engel as tema aan julle voorstel. Amanda se twee dogtertjies, Kayla en Krisley is ook in die kinderklas. Dit is altyd lekker om sulke vars onpretensieuse werke te sien. "watch this space"

Hierdie foto van Lizette vra vir 'n onderskrif. Kom ek nooi julle om een te stuur vir volgende maand.



## Artkat Jaar Kursus

Daar is nog gedurig nuwe inskrywings vir hierdie kursus. Daar is genoeg plek in die klasse en daar is ook ander dae oop waarin die studente kan inval. Die klasse is van so 'n aard dat dit nie moeilik is op hierdie stadium nie. Die jaarkursus is nie 'n suiwer akademies kursus wat streng volgens 'n sillabus gaan nie. Dit hang van elke student af hoe vinnig die kursus vir hom sal verloop. Dus kontak my gerus sodat ek jou in 'n klas kan plaas wat vir jou gemaklik is.

## Artkat Kinderklasse

Kinderklasse is altyd 'n groot verassing as fasiliteerder. Ek sê juis fasiliteerder omdat dit belangrik is dat die kind self ontdekkings moet maak. So is die kleur wiel dan ook die ontdekking van die maand. Kleur is as visuele ontdekking gelei met dit wat bekend is. Rooi beteken 'n aarbei en gras is groen. Wassily Kandinsky se ervaring om musiek in klank te sien was die inspirasie vir die musiek ervaring skilderye. Op noot van Vivaldi se Four seasons is merke met die kwas in swart gemaak en die emosionele kleur ervaring in breë kwashale bygevoeg. Wat 'n vreugde om dit te kon meemaak. Die Paasprojek vir die kinders die afgelope week was om ongebakte keramiek eiers te verf. Elmien en Andries Brink, broer en suster in die kinderklas, se twee paaseiers wil ek namens die kinderklas vir almal 'n vrugbare nuwe lewens verdieping in die nuwe jaar toewens.




Ons Seisoenboom

## Kunstenaar van die maand : Rachel van der Westhuizen

Ek stel hierdie maand vir Rachel van der Westhuizen voor. Sy is 'n goeie vriendin en sielsgenoot en pionier van die kunste in veral haar tuisdorp Ventersdorp.

Rachel en ek het mekaar ontmoet in Potchefstroom in 1982. Ons was saam by Studio Visio Kuns skool in Potchefstroom. Saam het ons gegroei as kunstenaars. Mekaar ondersteun en onderskraag as mede studente. Ons het later saam besluit om ons studies in die kunste verder te ontgin deur by Unisa vir 'n graad in die skone kunste in te skryf. Rachel is tans besig met haar honneursgraad en het einde verlede jaar haar honneurs uitstalling by Unisa gehad. Sy is reeds 'n paar jaar betrokke met kuns onderrig en het 'n hele paar studente op die pad van kunstenaarskap gehelp. Rachel is 'n unieke mens met 'n visie vir entrepreneurskap wat ek steeds bewonder. Sy is dan ook nie alleenlik suksesvol as kunstenaar nie maar ook as sakevrou waar sy 'n bewys lewer dat die kunste nie die spreekwoordelike beroep is waarvan jy nie kan lewe nie. Rachel, ook dankie vir wat jy deur die jare vir Artkat beteken het. Sonder jou sou Art"kat" ook 'n paar minder lewens gehad het!!!



Rachel wat is jou lewensleuse?

*Lewe voluit en geniet dit.*

Wat se jy vir die kunstenaar?

*Glo in jouself en jou eie idee.*

Wat sê jy vir die voornemende kunstenaar?

*Versamel soveel moontlik kennis m.a.w. doen moeite om inligting te bekom.*

Het jy 'n kunstenaar as rolmodel en hoekom?

*William Kentridge en Diane Victor. Hulle kan altwee baie goed teken en vorms sien. Ook is hulle uniek in dit wat hulle doen. William Kentridge is ook 'n motiveerder wat ander kunstenaars gebruik om sy ideaal te verwesenlik. Met ander woorde hy is ook 'n werkskepper en bring kuns na die praktyk.*

Wat se boodskap het jy vir Artkat?



*Ek was van die begin af betrokke en deel van die groei van Artkat. Johanna het 'n baie intense benadering ten opsigte van die ontwikkeling van haar studente en ek ag die studente baie gelukkig wat klas by Artkat neem. Ook het sy die vermoë om 'n liefde vir die kunste in elkeen wakker te maak. Om suksesvol as kunstenaar te wees beteken om te volhard en toegewyd te wees. My boodskap aan alle studente is dus, gaan treetjie vir treetjie vooruit maar stap vorentoe na waar jou droom is. Die enigste manier om dit te bereik is om hard te werk en te glo in jouself.*



## Artkat maandprojek "Ekspressionistiese selfportrette"

Om 'n Ekspressionistiese selfportret te maak is sekerlik die moeilikste ding as jy gewoon is aan die gedagte van hoe jy graag vir jouself wil lyk. Marie Reeler het begin met 'n realistiese pastel selfportret en nie daar opgehou nie. Ek stel Marie self aan die woord om die proses wat sy besig is om deur te werk te deel met ons:

*"My assignment was to make an expressionist self portrait. Where do you start if you are one of those realistic freaks who likes things to be as they are? When I drew the portrait the eyes were too big and in the wrong place and I painstakingly went and corrected my drawing so that it was as correct as I could make it. Well that kind of defeats the object of the exercise - EXPRESSIONISTIC. I then tried the charcoal, still too realistic and not enough expression. I'm now busy with the last one which will eventually be painted with acrylic paint. At this stage it is just blue pastel. The blue, because blue is a calm, deep colour with lots of spiritual significance and I feel that is where I am at the moment. Co-identally Johanna has also chosen blue for the colour of the month, maybe there is a message somewhere. This time I am not correcting my drawing mistakes but going with the flow and who knows there might be a surprise waiting at the end.*



## Artkat Poetry Project



"Attic" het vir Joey geïnspireer om na haar eie foto's te gaan kyk. Geïnspireer ook deur die Ekspressiewe selfportret het sy 'n samestelling [collage] gemaak van afdrucke van verskillende foto's wat vir haar 'n seker gevoel ekspressief oorgedra het. Die hele proses het ook vir haar baie betekenis gehad deurdat sy weer 'n nuwe ervaring van ou herinneringe gehad het en dit visueel kon illustreer.

In die proses het sy die foto's gefotostateer, deurgevryf [rubbing] met "thinners" en terug geteken met houtskool.

Baie geluk Joey dit was 'n baie suksesvolle werk wat nie net visueel aantreklik is nie maar ook vars, opreg en konseptueel jou eie is. Ek hoop om nog meer van hierdie soort werke van jou te sien.

Susan het die gedig "Reflections" gebruik en dit gekombineer met haar passie om landskappe en diere te skilder in olieverf. Ook hier kan ons sien dat 'n werkie ook gemaak kan word wat meer persoonlik tot jou eie smaak gerig kan wees.



The greatest good you can do for another is not just to share your riches, but to reveal to him his own



Nog werke uit die volwasseklasse

Nog werke uit die kinderklasse

